# Paarl Vallei Baptiste Gemeente
# Geloofsbelydenis

## Wat ons glo…

### I. Van die Skrif

Ons glo dat die Bybel, soos oorspronklik geskryf:

(a) Die produk van God is, ingegee deur mondelingse inspirasie en geskryf deur Gees-beheerde manne. (2 Timoteus 3:16, 17; 2 Petrus 1:19-21; Handelinge 1:16, 28:25);

(b) die onfeilbare Waarheid is, sonder fout of gebrek. (Psalm 119:105, 130, 160; Lukas 24:25-27, 44, 45; Johannes 17:17);

(c) die enigste volledige en finale openbaring aan die mens bly van die wil van God, asook God self, tot aan die einde van die wêreld; die ware middelpunt van Christelike eenheid en die hoogste gesag waarvolgens alle menslike gedrag, oortuigings en opinies beoordeel moet word. Ons glo ook dat 'n mens in jou verhouding met God moet beweeg van "waarheid na ondervinding" en nie van "ondervinding na waarheid" nie. (2 Timoteus 3:16, 17; Matteus 7:21-23; Psalm 119:89; Spreuke 30:5, 6; Romeine 3:4; 1 Petrus 1:23; Openbaring 22:19; Johannes 12:48; Jesaja 8:7-11; Johannes 1:45-47; Johannes 5:39)

- Met "DIE BYBEL" bedoel ons daardie versameling van ses-en-sestig boeke vanaf Genesis tot Openbaring wat, soos oorspronklik geskryf, nie net die Woord van God inhou en oordra nie, maar die ware Woord van God ís.
- Met "INSPIRASIE" bedoel ons dat die boeke van die Bybel geskryf is deur Heilige Manne van Ouds, deur die Heilige Gees op so 'n definitiewe manier beweeg dat hul geskrifte bonatuurlik geïnspireer en sonder fout is, soos geen ander geskrifte ooit was of sal wees nie.

### II. Van die Ware God

Ons glo:

(a) dat daar net een lewende en ware God is, oneindig in elke uitnemendheid, die Skepper en Opperheerser van die hemel en die aarde, onuitspreeklik glorieryk in heiligheid en waardig van alle aanbidding, vertroue en liefde. (Eksodus 15:11, 20:2, 3; 4:11);

(b) dat daar eenheid tussen die drie persone, die Vader die Seun en die Heilige Gees, van die drie-Enige God is, gelyk in elke Goddelike volmaaktheid en wat afsonderlike, maar nie-teenstrydige ampte beklee. (Matteus 28:19; Johannes 15:26; 1 Korintiërs 12:4-6; Efesiërs 2:18; 2 Korintiërs 3:14);

(c) in die persoon van ons Here Jesus Christus. Aangaande Hom, glo ons:

- in sy absolute Godheid; dat Hy Goddelik was soos geen ander mens kan wees nie, synde God self, wat bestaan het en sal bestaan vir alle ewigheid en mede-gelyk is met die Vader en die Gees. (Johannes 1:1-3; Kolossense 2:8-10; Hebreërs 1:2, 3, 8; Miga 5:2);
- dat, in sy vrywillige vernedering, Hy nie Sy Godheid afgelê het nie. (Matteus 1:21-22, 28:1; Markus 14:61, 62; Johannes 10:30, 32, 33, 14:9, 20:28; 2 Korintiërs 5:19; Kolossense1:15-17; 1 Johannes 1:1, 2, 5:20);
- dat Hy in sy menswording wonderbaarlik verwek is deur die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria, soos geen ander mens ooit was of

weer gebore kan word nie. (Genesis 3:15; Jesaja 7:14; Matteus 1:18-25; Lukas 1:35; Johannes 1:14) (Ons Here Jesus Christus se versoeningswerk is te sien in VII.)

## III. Van die Heilige Gees

Ons glo:

(a) dat Hy in Sy persoon oor Godheid beskik, gelyk met God die Vader en die Seun en dieselfde in wese is. (Johannes 14:16, 17, 26; Matteus 28:19; Hebreërs 9:14)
(b) dat Hy aktief was tydens die skepping. (Genesis 1:1-3)
(c) dat in sy verhouding tot die ongelowige wêreld, Hy die bose teëhou tot God se plan vervul is. (2 Tessalonisense 2:7)
(d) dat Hy oortuig van sonde, oordeel en geregtigheid. (Johannes 16:8-11)
(e) dat Hy getuig van die waarheid van die Evangelie en dit bemagtig in prediking en getuienisaflegging. (Johannes 15:26, 27; Handelinge 5:30-32)
(f) dat Hy die agent van wedergeboorte is. (Johannes 3:5, 6)
(g) dat Hy gelowiges inwoon, seël, doop in die liggaam van Christus, hul lei, leer, heiligmaak en help tot die dag van finale verlossing. (Efesiërs 1:13, 14, 4:30; Johannes 14:26, 16:13; Handelinge 11:16; Romeine 8:9, 14, 16; 2 Tessalonisense 2:13; 1 Petrus 1:2; Romeine 8:26, 27)
(h) dat Hy nooit die volmaaktheid wat in Jesus Christus is verminder deur enigiemand of enigiets bo Jesus Christus te verhef of tot Hom toe te voeg nie. (2 Korintiërs 12:3; Kolossense 2:10)

## IV. Van die Duiwel, of Satan

Ons glo dat Satan 'n definitiewe persoonlikheid is en hy:

(a) was eens heilig en het eer in die hemel geniet, maar het deur trots en ambisie om soos die Almagtige te wees, tot 'n val gekom. (Jesaja 14:12-13; Esegiël 28:15-17)
(b) het 'n menigte engele agter hom aangetrek. (Openbaring 12:9; Judas 6; 2 Petrus 2:2; Johannes 14:30)
(c) is nou die bose owerste van die mag van die lug, en die onheilige god van hierdie wêreld. (1 Tessalonisense 3:5; Matteus 4:1-3)
(d) is die mens se groot versoeker. (1 Petrus 5:8)
(e) is die vyand van God. (Sagaria 1:3; 1 Johannes 3:8; Matteus 13:25, 37-39; Lukas 22:3, 4)
(f) is die aanklaer van die Heiliges. (Openbaring 12:10)
(g) gee oorsprong aan alle valse godsdienste en leer en die dryfkrag wat die huidige afvalligheid bevorder. (2 Korintiërs 11:13-15; Markus 13:21, 22)
(h) is die meester van die Antichris. (1 Johannes 4:3; 2 Johannes 7; 1 Johannes 2:22)
(i) is die outeur van al die magte van die duisternis. (Openbaring 13:13, 14; 2 Tessalonisense 2: 8-11)
(j) hoewel kragtig en met respek hanteer te word, is nie alwetend, almagtig, of alomteenwoordig nie en kan nie gelowiges wat deur geloof en gehoorsaamheid hul onderwerp aan Jesus Christus en Sy Woord, oorrompel nie. (Jakobus 4:7; 1 Johannes 4:4)
(k) is verslaan aan die hand van God se Seun, Jesus Christus, deur Sy dood aan die kruis (Genesis 3:15; Openbaring 19:11, 16, 20; Openbaring 12:7-9; 20:1-3), en is bestem om geoordeel te word tot ewige geregtigheid in die hel, waar 'n plek vir hom en sy engele voorberei is. (Openbaring 20:10-15; Matteus 25:41)

## V. Van die Skepping

Ons glo in die skeppingsverhaal soos vervat in Genesis, en:

(a) dat dit letterlik aanvaar moet word, nie allegories of figuurlik nie. (Genesis 1:1; Eksodus 20:11; Handelinge 4:24; Kolossense 1:17; Hebreërs 11:3; Johannes 1: 3; Openbaring 10:6; Romeine 1:20; Handelinge 17:23-26; Jeremia 10:10)

(b) dat die mens direk deur God geskep is, na die gelykenis en beeld van God. (Genesis 1:27; 1 Korintiërs 11:7)

(c) dat die skepping van die mens nie 'n kwessie van evolusie of evolusionêre prosesse van veranderinge van spesies was nie, of plaasgevind het oor lang tydperke deur ontwikkeling van laer na hoër lewensvorms nie. (Genesis 2:7, 21-23; Johannes 1:3)

(d) dat alle diere- en plantelewe direk geskep was en moet voortplant "elkeen volgens hul soort " (Genesis 1:11, 24; Kolossense 1:16, 17)

## VI. Van die Mens en sy Val

Ons glo:

(a) dat die mens in onskuld geskep was. (Genesis 1:27)

(b) dat, deur vrywillige oortreding, die mens van sy sondelose en gelukkige toestand geval het. (Genesis 3; Romeine 5:12, 19)

(c) dat alle mense nou gevolglik sondaars is deur oorerwing van Adam en dat hul deur individuele keuse, totdat hul wedergebore word, dood is in hul sonde. (Efesiërs 2:1-3; Romeine 3:10-13)

(d) dat alle mense gebore word met ’n sondige natuur en gevolglik totaal ontbreek aan die geregtigheid wat deur die Wet van God vereis word, en definitief neig tot die bose. (Romeine 3:11; Galasiërs 3:22; Efesiërs 2:1-3; Psalm 40:12)

(e) dat die mens onder regverdige veroordeling staan, sonder verweer of verskoning. (Romeine 3: 9-20, 23; Romeine 1:19, 20, 2:1, 12-15)

(f) dat die mens se enigste hoop op die ewige lewe in verlossing deur Jesus Christus is. (Johannes 3:3, 5; Handelinge 4:12; Efesiërs 2:8, 9; Galasiërs 3:26)

## VII. Van Christus se Versoening vir Sonde,

Ons glo:

(a) dat die redding van sondaars geheel en al deur God se genade moontlik gemaak word (Efesiërs 2:8, 9; Handelinge 15:11; Romeine 3:24, 25) deurdat die Seun van God Sy rol as Middelaar opgeneem het; Hy wat deur die Vader aangestel is en vrywilliglik die gestalte van 'n mens aangeneem het, wat in alle opsigte versoek was soos ons, maar sonder sonde in sy natuur of daad, wat die Goddelike Wet deur Sy eie gehoorsaamheid in alle opsigte onderhou het en deur Sy dood as Middelaar volle versoening vir ons sonde bewerkstellig het. (Johannes 3:16; Matteus 18:11; Filippense 2:7, 8; Hebreërs 2:14, 4:15; Romeine 3:25; 1 Johannes 4:10; Jesaja 53:6; 1 Korintiërs 15:3; 2 Korintiërs 5:21)

(b) dat Sy versoeningwerk nie daaruit bestaan het om vir ons 'n voorbeeld te stel van ’n martelaarsdood nie, maar eerder dat Hy vrywilliglik in die plek van sondaars getree het, die Regverdige wat gesterf het vir die onregverdiges, Christus, die Here, wat ons sondes op homself geneem het aan die kruis. (Johannes 10:18; Filippense 2:8; Galasiërs 1:4; 1 Petrus 2:24; Jesaja 53:11; Hebreërs 12:2; 1 Petrus 3:18)

(c) dat, nadat Hy liggaamlik uit die dood opgestaan het, Hy nou aan die regterhand van God sit, en verenig deur Sy Wonderlike Persoon die teerste simpatie met Goddelike Volmaaktheid, Hy wat in elke opsig die

alles voldoende, medelydende, alles genoegsame Verlosser en Middelaar is vir Sy gelowige priesters. (Jesaja 53:12; Hebreërs 7:25, 9:12-15, 10:10, 12, 14, 18; 1 Johannes 2: 2)

(d) dat die seëninge van hierdie versoening aan almal gegee word wat uit die hart glo en bely tot God dat hierdie Here en Verlosser sy eie Here en Verlosser is. Dit is die keuse van elke mens om die bevel te gehoorsaam om hierdie aanbod van genade te aanvaar. (Handelinge 17:30; Romeine 10:8, 9, 10)

## VIII. Van Verlossing deur Genade,

Ons glo:

(a) dat om gered te word, almal wedergebore moet word. (Johannes 3: 3; Galasiërs 3:26)

(b) dat ons deur wedergeboorte 'n Nuwe Skepping in Christus Jesus is. (2 Korintiërs 5:17)

(c) dat dit oombliklik plaasvind en nie ’n tydsame of langsame proses is nie. (Johannes 3:5-7; Handelinge 16:30-33)

(d) dat, deur wedergeboorte, die een wat dood was in misdade en sonde nou deel het aan die Goddelike natuur en ook die ewige lewe, die genadegawe van God, ontvang. (2 Petrus 1:4; Romeine 6:23; Efesiërs 2:1, 4-9; Kolossense 2:13; Titus 3:5)

(e) dat die nuwe skepping teweeggebring word op 'n wyse wat alle verstand te bowe gaan, nie deur kultuur , nie deur karakter , ook nie deur die wil van ‘n mens nie, maar geheel en al deur die krag van die Heilige Gees, gerugsteun deur Goddelike Waarheid, ten einde deur geloof ons vrywillige gehoorsaamheid in die Evangelie te verseker. (Johannes 1:12, 13, 3:8)

(f) dat die bewyse hiervan gesetel is in die voortbring van heilige vrugte van bekering en deur geloof te hê in Sy persoon asook die afgehandelde werk van Jesus Christus, en in 'n nuwe lewe. (Romeine 10:8-10; 1 Johannes 5:1-5)

## IX. Van Regverdigmaking

Ons glo dat die groot evangeliese seën wat Christus verseker vir elkeen wat in Hom glo, regverdigmaking is, en:

(a) dat kwytskelding van sonde deel uitmaak van regverdigmaking asook die geskenk van die ewige lewe op grond van Christus se geregtigheid en versoeningwerk. (Handelinge 13:39; Jesaja 53:11; Romeine 5:1, 9, 8: 1)

(b) dat ons dit ontvang, nie op grond van enige werke van geregtigheid wat ons gedoen het of ooit sal doen nie, maar slegs deur geloof in die Verlosser se bloed, word Sy geregtigheid aan ons toegereken. (Titus 3:5-7; Romeine 4:24, 25, 5:1, 17; Galasiërs 3:11)

## X. Van die Vrye Gawe van Verlossing

Ons glo:

(a) in God se genade. (1 Tessalonisense 1:4; Kolossense 3:12; 1 Petrus 1:2)

(b) dat redding vryelik aan almal aangebied word deur die Evangelie. (Romeine 10:9-13; Openbaring 22:17)

(c) dat dit die onmiddelike plig van elkeen is om hierdie verlossing te aanvaar deur heelhartige, berouvolle-en gehoorsame geloof. (Johannes 3:15-18; 1 Timoteus 1:15; Handelinge 2:37-41; Romeine 10:8, 9)

(d) dat niks die redding van die grootste sondaar op aarde verhoed nie, buiten sy eie inherente verdorwenheid en vrywillige verwerping van die Evangelie; 'n verwerping wat lei tot God se oordeel en toorn. (Johannes 3:18, 36; Romeine 1:18, 20, 2:1, 4, 5)

## XI. Van Heiligmaking

Ons glo dat Heiligmaking volgens die Bybel en volgens die wil van God, die proses is waardeur die gelowige afgesonder word van sonde, tot Christus, en die volgende drie aspekte behels:

(a) die gelowige word posisioneel afgesonder voor God, die oomblik wat hy glo. (1 Korintiërs 1:30, 6:11; 2 Tessalonisense 2:13; Hebreërs 10:10, 14)

(b) die gelowige word ook progressief afgesonder wat 'n daaglikse proses is. Dit vind plaas in sy dag tot dag wandel met die Here soos hy deur genade nader aan die beeld van Christus groei deur die krag van die Heilige Gees. Dit word verder moontlik gemaak deur voortdurende gebruik van die aangewese middele, veral die Woord van God, selfondersoek, waaksaamheid, gebed en toegewing aan die invloed van die Gees en verandering in lyn met die Bybelse riglyne . (Johannes 17:17; Romeine 8:13; 2 Petrus 3:18; Romeine 8:28, 29a; 2 Korintiërs 7:1; Efesiërs 4:11-16; 1 Timoteus 4:7b; Hebreërs 5:12-14; 1 Johannes 3: 3; Romeine 12:1, 2; Efesiërs 4:22, 24)

(c) die gelowige word vooruitwerkend afgesonder van die teenwoordigheid van sonde, wanneer sy heiligmaking voltooi word met die koms van Christus vir die kerk. (1 Johannes 3: 2; 1 Tessalonisense 3:13, 5:23)

## XII. Van die Sekuriteit van die Gelowige

Ons glo, volgens die ontwerp van God se Plan:

(a) ontvang elke persoon, onmiddellik by aanvaarding van Christus as persoonlike Verlosser en Here, die ewige lewe en is dadelik 'n kind van God, en (1 Johannes 5:11-13; Johannes 1:12)

(b) dat gelowiges gehou word, deur die krag van God deur geloof, in 'n toestand van genade en is vir ewig verseker van hul redding, ongeag van enige menslike werke.

## XIII. Van die Kerk

Ons glo:

(a) dat die kerk 'n Nuwe Testamentiese instelling is, ingestel deur Jesus Christus as enigste Hoof; geopenbaar deur die apostels; bemagtig en verewig deur die Heilige Gees; sy "liggaam" vir diens en sy "bruid" vir heerlikheid. Dit het begin met die Nuwe Testamentiese Heiliges op Pinksterdag en sal voltrek word met die koms van Christus met die Wegraping. (Matteus 16:18; Handelinge 1:8, 2:1-13, 41-47, 15:14; Efesiërs 1:22, 23, 3:21, 5:23-32; 1 Tessalonisense 4:13-18)

(b) dat die kerk geopenbaar word deur die plaaslike gemeente wat:

- 'n gemeente van gedoopte gelowiges is, verbind tot mekaar deur geloof en onderlinge gemeenskap deur die Evangelie. (Handelinge 2:41, 42)
- die verordeninge van Christus handhaaf. (1 Korintiërs 11:2)
- bestuur word volgens Bybelse riglyne met Christus as hoof. (Efesiërs 1:22, 23)

- die uitoefening van die gawes, verantwoordelikhede en voorregte wat in hulle belê is deur die werk van God. (Efesiërs 4:11-16; 1 Korintiërs 12:4, 8:11)

(c) dat die plaaslike kerk se ampte volgens die Bybel, dié is van pastore (ook genoem "ouderlinge" of "biskoppe" in die NT) en diakens, wie se kwalifikasies, regte en verpligtinge duidelik omskryf word in die Skrif. (Handelinge 14:23, 6:5, 6, 15:23, 20:17-28; 1 Petrus 5:1-4; 1 Timoteus 3:1-7, 8-13)

(d) dat die ware doel van die kerk uiteengesit word in die Nuwe Testament en meer spesifiek, opgesom word in Matteus 28:19, 20 en Efesiërs 4:11-16.
- om individuele dissipels te maak.
- om elke gelowige die geleentheid te bied om te dien in 'n goed-georganiseerde en funksionerende plaaslike kerk.
- om hulle te leer om sy Woord te gehoorsaam soos Hy beveel. Dit sluit in die ondersteuning van ouers in die onderrig van Waarheid aan hul kinders.

(e) dat die plaaslike kerk die absolute reg van selfregering het, vry van die inmenging van enige hiërargie van individue of organisasies; en dat die enigste ware superintendent Christus is, deur die Heilige Gees se leiding deur die Woord. (Kolossense 1:18; Efesiërs 5:23, 24; 1 Petrus 5: 1-4)

(f) dat dit Bybels korrek is vir ware kerke om met mekaar saam te werk in die stryd vir die geloof en vir bevordering van die Evangelie en dat elke plaaslike kerk op individuele basis moet beoordelaar en besluit wat die maatstaf, metode en strekking van sy samewerking sal wees. (Handelinge 15:22; Judas 2, 3; 2 Korintiërs 8:23, 24; 1 Korintiërs 16:1-3)

(g) dat vir alle sake van lidmaatskap, beleid, bestuur, dissipline en welwillendheid, die wil van die plaaslike kerk wat die Woord van God volg, finaal is. (Maleagi 3:10; Levitikus 27:32; 1 Korintiërs 5:11-13)

## XIV. Van die Ordonnansies

Ons glo dat gelowige doop is:

(a) die onderdompeling in water van 'n gelowige. (Handelinge 8:36-39; Matteus 3:6; Johannes 3:23; Romeine 6:4, 5; Matteus 3:16)

(b) in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. (Matteus 28:19)

(c) om 'n plegtige getuienis af te lê en uitbeelding te wees van ons geloof in ons Verlosser wat gekruisig is, begrawe is en opgestaan het, soos wat ons sterf vir die sonde en "opgewek" word tot 'n nuwe lewe in Christus.(Romeine 6:3, 5; Kolossense 2:12)

Ons glo dat die Nagmaal:

(a) die herdenking van ons Here se dood is totdat Hy weer kom, deur die gebruik van gebreekte brood en die varsgedrukte sap van die wingerdstok as simbole van die prys wat Hy vir ons betaal het.

(b) moet altyd voorafgegaan word deur plegtige selfondersoek. (1 Korintiërs 11: 23-28)

## XV. Van die Regverdige en die Goddelose,

Ons glo dat:

(a) daar 'n radikale en wesentlike verskil tussen die regverdige en die goddelose is. (Galasiërs 3:22, 26; Genesis 18:23; Romeine 6:17, 18; 1 Petrus 4:18; Spreuke 11:31)

(b) slegs diegene wat deur geloof geregverdig word in die naam van die Here Jesus en geheilig(of afgesonder word)deur die Heilige Gees, word werklik as regverdig geag in hul posisie voor God. (Romeine 1:17; 1 Korintiërs 15:22; Johannes 5:24; Romeine 3: 22-24, 4:22-24; Efesiërs 1:6, 7)
(c) almal wat voortgaan in onboetvaardigheid en ongeloof is in God se oë goddeloos en onder die vloek. (1 Johannes 5:19; Galasiërs 3:10; Romeine 6:23, 7:5)
(d) hierdie onderskeid is van toepassing voor en na die dood, in die ewige bewuste lyding van die verlorenes. (Matteus 25:34, 41, 46; Lukas 9:26, 16:25, 26; Johannes 8:21; Romeine 6:23; Hebreërs 9:27; Openbaring 20:10-15)

## XVI. Burgerlike Regering,

Ons glo:
(a) dat regerende owerhede deur God ingestel is vir die belang en goeie orde van die samelewing. (Romeine 13:1-7; 2 Samuel 23:3; Eksodus 18:21, 22)
(b) dat daar vir owerhede gebid moet word en hul pligsgetrou geëer en gehoorsaam moet word: (Matteus 22:21; 1 Timoteus 2:1, 2; Titus 3:1; 1 Petrus 2:13, 14, 17: Daniel 1:8-15), behalwe as hul besluitneming teenstrydig met die wil van ons Here Jesus Christus is (Handelinge 4:19, 20, 5:29; Daniël 3:17, 18, 6:10, 11), Hy wat die enigste Here van die gewete en die komende Prins van die konings van die aarde is. In hierdie verband staan ons vas vir die skeiding van kerk en staat. (Matteus 10:28, 22:21, 23:10; Openbaring 11:16; Filippense 2:10, 11; Psalm 72:11)

## XVII. Van die gesin

Ons glo:
(a) die huwelik wat bestaan uit 'n man en 'n vrou, die plan van God is en heilig in sy oë is .
(Genesis 2:18-25; Matteus 19:3-9; Efesiërs 5:18-32; 1 Timoteus 3:4, 5, 12; Maleagi 2:13, 14)
(b) dat die rolle van die man, vrou, ouer-en kind duidelik gedefinieer en uiteengesit word in die Woord van God. (Efesiërs 5:21-32; Kolossense 3:16-21; 1 Petrus 3:1-7)
(c) dat seksuele verhoudings heilig en slegs vervullend is binne die gebondenheid van die huwelik, en buite die huwelik veroordeel word. (1 Korintiërs 7:3, 4; Hebreërs 13:4)
(d) dat kinders 'n seën van God is en dat die verantwoordelikheid vir hulle uitsluitlik op die ouers berus en dat hulle opgevoed moet word in liefdevolle, gestruktureerde, beheerste- en pligsgetroue onderrig in die waarhede van God en Sy beginsels vir die lewe. (Psalm 127:3; Efesiërs 6: 4; Deuteronomium 6:6, 7; Psalm 78:4-7; Spreuke 22:6; Spreuke 17:6)

- Rakende die kwessie van redding van kinders in die kerk, glo ons dat nie die kerk, nog die doop of die ouers van die kinders redding kan bekom namens hulle nie. Elke kind moet op individuele basis die keuse maak om Christus as sy Verlosser en Saligmaker te aanvaar, dit kan nie namens hulle gedoen word nie.
  Ons moedig wel ouers aan om hul kinders die pad na redding uit te wys deur hul te onderrig in God se Woord, deur hul daagliks te onderrig deur lewenservarings en deur lewende voorbeelde te wees van wat dit beteken om Christus te volg.
- Ons glo nie dat God babas ewig oordeel na die hel nie. Ons glo dat God aan elkeen die geleentheid bied om sy aanbod van redding

te aanvaar of te verwerp. Wanneer 'n kind die ouderdom bereik wat hy/sy voormelde konsepte rondom redding kan verstaan en begryp tot so mate dat hy/sy kan kies om God se aanbod van redding te aanvaar of verwerp, dit is wanneer hy/sy toerekeningsvatbaar is vir sodanige besluit. Sommige verwys hierna as die "ouderdom van toerekeningsvatbaarheid" en daar is geen voorafbepaalde vasgestelde ouderdom hiervoor nie en dit hang af van elke individuele kind aangesien elkeen afsonderlik ontwikkel wat hul verstaan en begrip hiervan betref.

**XVIII. Van die Opstanding, Wederkoms van Christus en Verwante Gebeure**

Ons glo in en aanvaar op volle sigwaarde die heilige Woord van God oor hierdie onderwerpe. Hierdie oortuigings sluit in:

(a) Christus se liggaamlike opstanding uit die graf. (Matteus 28:6, 7; Lukas 24:39; Johannes 20:27; 1 Korintiërs 15:4-8; Markus 16:6; Lukas 24:2-6; Handelinge 2:24, 32, 3:15, 4:2; Romeine 4:25)

(b) Christus se hemelvaart en dat Hy aan die Vader se regterhand sit. (Handelinge 1:9, 11; Lukas 24:51; Markus 16:19; Hebreërs 10:12)

(c) sy huidige hoëpriesterskap. (Hebreërs 4:14-16; Hebreërs 7:24, 25, 8:6; 1 Timoteus 2:5; 1 Johannes 2:1)

(d) sy toekomstige verskyning in die lug om Sy heiliges te ontvang. (1 Tessalonisense 4:16, 17; Handelinge 1:11; Hebreërs 9:28)

(e) die opstanding van die regverdige dooies. (1 Tessalonisense 4:16; 1 Korintiërs 15:42-44, 15:52)

(f) die fisiese verandering van die wat lewe in Christus. (1 Korintiërs 15:51-53; 1 Tessalonisense 4:17; Filippense 3:20, 21)

(g) die gelowige se reaksie op God se Woord sal by die regterstoel van Christus beoordeel word vir beloning of verlies. (2 Korintiërs 5:10; 1 Korintiërs 3:11-15; Romeine 14:10; 2 Timoteus 4:8; Openbaring 22:2)

(h) Christus se liggaamlike terugkeer na die aarde om op die troon van Dawid te regeer. (pre-millenial) (Matteus 24:29-32; Lukas 1:32; Jesaja 9:6, 7; Handelinge 2:29, 30; 1 Korintiërs 15:25; Jesaja 32:1, 11:4, 5; Psalm 72:8; Openbaring 20:1-4, 6)

(i) die Wit Troon Oordeel van die ongereddenes, en die nuwe hemel en die nuwe aarde. (Openbaring 20:11-15, 21:1, 2)